**Saterdag 12 Oktober**

| **Skrifgedeelte: Joël 2:12-14** | **Fokusgedeelte: Joël 2:12-14 (1983-vertaling)** |
| --- | --- |

**Wedergeboorte en boetvaardigheid: Die dag van die Here kom!**

As een van die minder bekende “klein profete” spreek Joël ’n tema aan wat regdeur die Bybel na vore kom (Amos, Jesaja, Sefanja). Die dag van die Here is bekend in die Bybel as ’n dag van oordeel en herstel. Vir die volk van die Here in die Ou Testament was die fokus van hierdie dag baie meer op herstel en dit het die volk veilig in ’n gemaksone laat voel en leef.

Hierdie veilige gevoel het hulle stadig maar seker hulle rug op die Here laat draai, en in die tyd voor die ballingskap sien en hoor ons die profete van die Here se oproepe tot bekering. Die volk was as’t ware in ’n beswyming en in Joël 1:5 (lees die gedeelte) maak die Here hulle wakker.

Maar ons teks begin weer met die oproep: “Kom.” Voor bekering is God agter ons en sonde voor ons. Maar ná bekering is God voor ons en sonde agter ons. Bekering is ’n omdraai en weer vir God raaksien. Ware bekering beteken ons besef die mag van sonde en die gevolge daarvan in ons lewens en vlug dan na die lewende God toe. En wie is Hy?

Hy is genadig, barmhartig, lankmoedig, vol liefde en bereid om straf te herroep (vs 13). Al hierdie eienskappe van die Here kan opgesom word met een Naam … Jesus Christus. Met Christus se koms het die dag van die Here al in ’n sekere sin aangebreek. Daar is nou reeds herstel vir dié wat in Christus is, maar die oordeel tref die een ook wat sonder Christus sterf. Maar tog sien ons, as gelowiges, uit na die dag wanneer Hy weer kom en ons na Hom toe sal neem. Dan vind finale oordeel plaas en beleef ons volkome herstel. Is dit ook jou verwagting?

*Sing: Skrifberyming 18-6:1, 2, 3*

*Ds. W van den Heever (Werner) (Gobabis)*